

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 358

Welkom, o stille nag van vrede,
 onder die suiderkruis,
 wyl stemme uit die ou verlede
 oor sterrehemel ruis.

Refrein

*Kersfees kom, Kersfees kom –
 gee aan God die eer.
 Skenk ons 'n helder Somerkersfees
 in hierdie land, o Heer.*

Hoor jy hoe sag die klokke beier
 In eeue-oue taal.

Kyk, selfs die nagtelike swye
 vertel die ou verhaal.

Voel jy ook nou sy warm liefde
 As ons die dag gedenk,
 Toe Hy sy Seun aan ons gegee het –
 Ons grootste kersgeskenk.

*Christus kom, Christus kom –
 gee aan God die eer.
 Skenk ons 'n helder Somerkersfees
 in hierdie land, o Heer.*

Woorddiens

Tema: Onder ons

Skriflesing: Johannes 1:1-14

Broodjies vir die pad

Het jy 'n maan?

Het jy 'n maan?

'n Ronde een

met die reeks oranje en gele
 van 'n ryp appelkoos,
 die onsigbare donsigheid
 van 'n heuningby se bors.

Het jy 'n maan

wat ou liedjies neurie,
 gesandsuiker op die bodem van jou
 geheue,

wat glimlag

sonder om 'n mond te trek,

en waatlemoen met sy hande eet,
 'n maan

so buitenissig soos sy vriend,
 Lucretius,

iemand

wat so hard aan jou hart kan vat

soos sy vriendin, Sappho,

iemand

so geduldig in sy swaarkry

soos Stephen Hawking?

Het jy 'n maan

wat van koffie hou

omdat dit die geur het van osse

wat rooigrond ooptrek

sodat jy kan hoor

hoe die aarde asemhaal.

Het jy 'n maan

wat altyd weer taan

en tog weer bult

wanneer dit water kry

en 'n vryf op die kop daarby?

'n Maan

wat 'n baba was

en nou nog is,

maar wys

van die yseeue

en skroeiende somers

en jou wys

waar jy moet grawe

vir die wortels.

Het jy 'n maan? Indien nie,

kry een.

De Waal Venter / 2018

Om 'n glas of twee te deel met ds. Marius

Dana Snyman

Iewers tussen die tweede en die derde glas wyn stol die woorde
 in dominee Marius se mond. Hy lig sy hand en vee oor sy oë.

“Miskien is ek net uitgebrand,” sê hy. “Miskien het ek net 'n
 lang vakansie nodig.”

Ons sit by die tafel in my leefvertrek, oorkant mekaar, 'n
 bottel Durbanville Hills tussen ons.

“Nou die aand droom ek,” sê hy. “Ek droom ek staan op die
 preekstoel en terwyl ek preek, begin my tande uitval – een vir
 een.”

“My stem raak al hoe sagter, en hoe harder ek wil praat, hoe
 meer val my tande uit.” Hy bly 'n lang ruk stil. “Weet jy hoe
 voel dit?”

Dominee Marius is al vir agttien jaar 'n NG-predikant.

“Ek weet nie meer wat mense van 'n predikant wil hê nie.”

Hy bly 'n ruk stil. “Soms dink ek hulle soek net 'n pel – 'n pel
 wat hulle laat goed voel oor hulself. Veral party rykes. Jy moet
 hulle laat goed voel oor hul rykdom, anders hardloop hulle weg
 na die pastore toe. Daai pastore wat siele tel asof dit geld is.

“Jy kan baie ook niks meer leer nie. Hulle het mos nou vir Google. Sondagoggend ná die diens bel ’n ou my en sê: ‘Dominee, jy’t vandag op die preekstoel gesê Damaskus is in die huidige Iran. Ek’t op Google gaan kyk: Damaskus is in Sirië’.

“Dis dieselfde man wat vir my gesê het: ‘Dominee, jy kan oor enigiets preek, behalwe oor homoseksualiteit en Belhar.’ ” Hy vat weer ’n diep sluk uit sy glas.

“Die Kerk dra swaar aan mans wat teksverse en kerklike verordeninge en reglemente gebruik om hul eie vrese en vooroordele na God se wil te laat klink. Jy kry hulle in elke gemeente. Party is selfs predikante, hoog op in die moderatuur.

“Jy kyk hom só, en jy kan nie help om te wonder nie: ‘Gaan dit oor jou, dokter? Of gaan dit oor God? En waar is Jesus? Wat het van Jesus geword?’

“Sulke ouens het een ding in gemeen: Hulle lag nie maklik nie. Hulle is humorloos. Hulle maak my f*****n moedeloos.”

Hy glimlag effens verleë. “Jammer. Soms wil ’n mens vloek.”

“Dis orraait, dominee,” sê ek. “Ek vloek ook verskriklik.”

“En die vrouens.” Sy stem is opeens sagter. “Kort-kort kom sit ’n vrou voor jou: ‘My man sien my nie meer raak nie, Dominee’. ‘My man is die hele tyd op sy foon, Dominee’. ‘My man drink, Dominee.’ ‘My man verneuk my, Dominee.’ Anderdag sê ’n vrou vir my: ‘My man slaan my, Dominee’. Voor ek kan keer, vra ek vir haar: ‘Hoe hard slaan hy jou, Mevrouw?’ ”

Hy kyk my reguit in die oë. “Ek is nie skaam om dit te erken nie. Ek is op anti-depressante.”

“Watter soort, dominee?” vra ek.

“Venlor.”

“Venlor is nie sleg nie, dominee.”

Hy kyk op sy horlosie. “Ek moet seker gaan,” sê hy. “Jy’t seker ander dinge om te doen.”

“Nee, dominee. Sit. Praat. Vertel.”

Ek tel die bottel op en skink ons glase weer vol. Dis nie aldag dat ’n predikant by ’n mens kom huisbesoek doen nie.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/om-n-glas-of-twee-te-deel-met-ds-marius-20181214>

Brood vir die pad

“When I find myself in times of trouble, mother Mary comes to me,
speaking words of wisdom, let it be.

And in my hour of darkness she is standing right in front of me,
speaking words of wisdom, let it be.

Let it be, let it be, let it be, let it be.

Whisper words of wisdom, let it be.

And when the broken hearted people living in the world agree,
there will be an answer, let it be.

For though they may be parted there is still a chance that they will see,
there will be an answer. let it be.

Let it be, let it be,

And when the night is cloudy, there is still a light, that shines on me,
shine until tomorrow, let it be.

I wake up to the sound of music, mother Mary comes to me,
speaking words of wisdom, let it be.

Let it be, let it be,

— Paul McCartney

“To hear never-heard sounds,
To see never-seen colors and shapes,
To try to understand the imperceptible
Power pervading the world;
To fly and find pure ethereal substances
That are not of matter
But of that invisible soul pervading reality.
To hear another soul and to whisper to another soul;
To be a lantern in the darkness
Or an umbrella in a stormy day;
To feel much more than know.
To be the eyes of an eagle, slope of a mountain;
To be a wave understanding the influence of the moon;
To be a tree and read the memory of the leaves;
To be an insignificant pedestrian on the streets
Of crazy cities watching, watching, and watching.
To be a smile on the face of a woman
And shine in her memory
As a moment saved without planning.”

— Dejan Stojanovic

Lied 348

Stille nag, heilige nag!
Jesuskind, lank verwag,
Lig uit Lig, uit die Vader se ryk,
word uit liefde aan mense gelyk.
Loof die hemelse Kind! (x2)

Stille nag, heilige nag!
Hemelvors, ons gee ag
op die lied van die engelekoor.
Herders het dit die eerste gehoor:
Juig, die Redder is daar! (x2)

Stille nag, heilige nag!
Jesus, Heer, voor u mag,
voor u ryk moet die duisternis swig;
tot in ewigheid bly U die lig –
Heer, gebore vir ons! (x2)

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.